


Bevestig jou roeping en verkiesing



- **The Rich Man and Lazarus**

- Luk 16:19 En daar was 'n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe.
- Luk 16:20 En daar was 'n bedelaar met die naam van Lasarus wat vol swere voor sy poort gelê het.
- Luk 16:21 En hy het verlang om hom te versadig met die krummels wat van die ryk man se tafel val. Ja, selfs die honde het gekom en sy swere gelek.
- Luk 16:22 En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham.
- Luk 16:23 En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem.
- Luk 16:24 En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam.
- Luk 16:25 Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte.
- Luk 16:26 En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie.
- Luk 16:27 En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur—
- Luk 16:28 want ek het vyf broers—om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie.
- Luk 16:29 Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister.
- Luk 16:30 Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer.
- **Luk 16:31 Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.**

Wêreld VS God se Woord

1. Die wêreld sê rykdom is 'n bewys dat God jou seën.
2. Die Ryk man word gestraf en na die doderyk gestuur omdat hy sy geld selfsugtig bestee het. Hy het nie vir Laserus kos of slaapplek gegee nie en was ook nie oor sy gesondheid besorg nie.
3. Die ryk man kry n begrafnis.
4. Die ryk man kan nou sien hoe goed dit met Laserus gaan.
5. Hy het soveel seën ontvang maar hy het verhard gebly. Hy wou nie oorbrug toe hy kon nie. Daar is n kloof. Geen uitkoms nie.
6. Ryk en arm kan suinig wees. Wat is jou gesindheid ten opsigte van jou besittings?

1. Die naam Laserus beteken simbolies "God help"
2. Ons hoor niks van n begrafnis nie. Die engele dra hom weg om by Abraham te wees.
3. Die arm man was beloon.
4. Die arm man kon vroeër die ryk man se weelderige lewe van buite sien.

TEMA

- Hierdie verhaal gaan oor die regte gesindheid teenoor God en Sy voorskrifte terwyl ons in hierdie lewe kaans het.
- Omstandighede in hierdie wêreld sal omgekeer word in die nuwe wêreld hierna.

Hel VS Hemel. Die oogpunt moet uit die hel wees.

- Die ryk man is ontnugter met die waarheid. Hy is werklik in die hel. Dit is draaglik. Die Ryk man probeer 3X maal om sy en sy broers se situasie te verbeter.
 1. Hy soek eers verligting vir sy eie nood.
 2. Hy soek verligting vir die nood van sy broers.
 3. Hy wend 'n laaste poging aan. Hy argumenteer dat as iemand uit die dood na hulle terugkeer, hulle tot inkeer sal kom
- Abraham se optrede
 1. Hy wys die versoek van hand omdat daar 'n kloof tussen hulle is.
 2. Abraham wys ook die versoek van hand want hulle het Moses en die profete om hulle te waarsku.
 3. Abraham wys die versoek van hand. As hulle nie na Moses en die profete luister nie, sal hulle ook nie luister nie selfs al sou iemand uit die dood opstaan

Hel VS Hemel

- Luk 16:31 Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.

Opsomming:

1. Jesus het uit die dood opgestaan en tog glo mense dit nie. Dit bly teorie. Dit word nie dade nie.

Jas 2:17 Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.

Heb 11:1 Die geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Heb 11:6 En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

Rom 10:17 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.

- Wie die guns van God soek moet juis op hierdie aarde God se wil uitvoer. Terwyl jy kan moet jy God se wil uitvoer, soos die wat in nood is te help, nie net jammer te kry nie.

God het ons nuut gemaak. Ons moet dit in ons leefstyl sigbaar maak.

- Ons moet met ons lewens wys dat ons glo dat ons regtig geroep is en gekies is.
- Petrus praat uit ervaring. Daar was 'n tyd in sy lewe wat hy te skaam en te bang was om te erken dat hy 'n volgeling van Jesus is.
 - Matt 26 v 69-75
- Dit was vir Petrus die laagte punt van sy lewe. Ons as gelowiges maak dieselfde fout.

Die Christen se roeping 2 Petrus 1

- Jesus se terugkeer

1. Mense ontken Jesus se terug keer. Dit bly teorie!!!
2. 2Pe 2:2 en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word;
3. Vir die gelowige beteken die terugkoms van Jesus die vervulling van God se belofte.
4. Vir die ongelowige beteken dit straff.

- Geloofsontplooiing

1. Die karakter van geloof is soos saad wat ontkiem en blywend gevoed moet word om aan die lewe te bly. Jesus dryf die gees uit die seun en sê vir Sy dissipels

Mat 17:20 En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongeloof; want, voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie.

1. Petrus gee vir ons n praktiese riglyn om ons geloof te laat groei.

- Kennis

Kennis begin en eindig by Jesus. Daar kom nooit 'n einde daaraan nie. Dit is n persoonlike verhouding met Jesus en is die eenigste ware pad.

- Ywer

Jy kan nie stil sit en niks doen nie. Jy moet alles in jou vermoë doen om gelowig te lewe. Dit is 'n opdrag!!!

Wat ons moet doen en hoe ons moet verander

2Pe 1:1 Simeon Petrus, 'n dienskneg en apostel van Jesus Christus, aan die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van onse God en Saligmaker, Jesus Christus:

- ons het dieselfde geloof as Petrus ontvang. Geloof was die groot krag in Petrus se lewe.
- **Jesus Foretells Peter's Denial**
- Luk 22:31 En die Here sê: Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif.
- Luk 22:32 Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.

Alles wat vir Petrus deur geloof moontlik was is vir jou ook moontlik.

1Pe 2:9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,

Jesus bid vir jou op die oomblik

- Rom 8:34 Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.

Wat moet ons doen en hoe moet ons verander

2Pe 1:2 Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here!

- 'n seën wens. Die seën van die Here plaas verantwoordelikhede op 'n mens.
 - Jy kan God se seën meehelp deur Jesus meer persoonlik te ken.
 - 'n persoonlike verhouding.
1. Meer jy Bybelstudie
 2. Oordenking en toewyding om God se wil te leer ken en uit leef.

Jou oë sal oop gaan vir die feit dat God op Sy onverdiende goedheid met jou in jou lewe besig is, self ook in dinge wat jy as negatief belewe.

Romeine 8 v 28 God laat alles ten goede meewerk.

Rom 8:28 En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

Wat moet ons doen en hoe moet ons verander

2Pe 1:3 Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, **deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug,**

1. Hou op fokus op dinge wat jy nie het nie want jy raak blind vir dit wat God jou wil gee.
2. God voorsien alles wat jy nodig het om Hom te dien.
3. God maak bekend dat al Sy heerlikheid en goedheid tot jou beskikking is om naby aan Hom te lewe en Hom te dien.
4. Petrus wys vorentoe dat wonderlike en kosbare geskenke in die ken van God en Jesus Christus beskikbaar is. Hierdie dinge kan nie met geld gekoop word nie, kan nooit gesteel word nie en sal elke dag in praktiese waarde vir jou toeneem.
5. Jou leefstyl sal verander word.

Wat moet ons doen en hoe moet ons verander

2Pe 1:4 waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur **deelgenote kan word van die goddelike natuur**, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.

- Ons kry God se natuur. Sy Heilige Gees kom woon in ons. Ons word soos Hy. Al God se beloftes in Sy woord is ons sin.
- As Jesus kom sal ons soos Hy wees 1 Johannes 3 v 2

1Jn 3:2 Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; **maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees**, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.

Hoe kom ons vry van die proses van agteruitgang en kry ek deel aan die goddelike natuur.

- 2Pe 1:5 En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis,

Ywer

1. Jy moet alles in jou vermoë doen om geloofskennis wat God gee in jou lewe tot volle betekenis te laat kom.
2. Geloof kan nie net teorie bly nie. Dit moet oorgaan na aksie. Jy sal die waarde en kragte begin beleef.
3. Jakobus 2 v 17 Geloof sonder werke is niks.

Deug

1. Deug is n leefstyl. Bybelstudie groepe bou geloofs kennis.

Gal 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

1. Vra vir God die krag om die versoeking te kan weerstaan. 1 Korintiers 10 v 13

1Co 10:13 Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.

Hoe kom ons vry van die proses van agteruitgang en kry ek deel aan die goddelike natuur.

- 2Pe 1:6 en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug,

Selfbeheersing

1. Ons weet wat is die regte ding om te doen maar ons doen dit nie.
2. Jy kort disipline.

Pro 25:28 'n Afgebreekte stad sonder muur, so is 'n man wat sy gees nie kan inhou nie.

1. Selfdissipline moet met uithou vermoë ontplooi word. Jy kan nie net een keer selfdissipline toepas om een keer te oefen nie.

Lydsaamheid is – endurance; patience

1. Die goue reël vir geestelike lewe: uithouvermoë is a faset van 'n goeie leefstyl.

Heb 10:36 Want julle het lydsaamheid **nodig**, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry.

1. Sonder jouself af. Jy moet veg en beplan vir 'n stil en afgesondere tye in jou lewe. Hierdie tye moet jy benut om te oefen in geestelike fiksheid. Gebed, Bybel lees, dink oor God se Woord.
- 1Ti 4:7 Maar verwerp onheilge en oudwyfse fabels, en oefen jou in die godsaligheid.
 - 1Ti 4:8 Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomstige lewe het.
 - 1Pe 1:15 Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word,

Hoe kom ons vry van die proses van agteruitgang en kry ek deel aan die goddelike natuur.

2Pe 1:7 en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde.

Liefde

- Liefde vir ander gelowiges wys dat jy regtig naby aan God lewe.
- Jesus is die kop van Sy gemeente. Ons kan nie alles met die kop en niks met die lyf te doen hê nie. Juis wanneer jy jou deel met die lyf vervul het jy met die kop te doen. Wanneer jy in kontak met die Kop is sal jy jou “werk” in die lyf wil doen.
- God will jou in die gemeente byeenkomste ontmoet Hebr 9 v 19-25
- God will jou gawes in diens van ander gebruik. 1 Kor 12 v 4-7
- Hy berei ons voor vir Sy eitendelike ontmoeting.
- Psa 42:3 My siel dors na God, na die lewende God; wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn?
- Psa 42:4 My tranen is my spys dag en nag, omdat hulle die hele dag vir my sê: Waar is jou God?
- Psa 42:5 Hieraan wil ek dink en my siel uitstort in my: hoe ek gewoon was om voort te trek met die skare, hulle gelei het na die huis van God, met die stem van jubel en lof—’n feesvierende menigte!

Hoe kom ons vry van die proses van agteruitgang
en kry ek deel aan die goddelike natuur.

Liefde

- Psa 73:23 Nogtans is ek altyd deur by U; U het my regterhand gevat.
- Psa 73:24 U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlijkheid opneem.

Wat moet ons doen en hoe ons moet verander.

- **Confirm Your Calling and Election**

- 2Pe 1:8 Want as hierdie dinge by julle aanwesig is en toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar tot die kennis van onse Here Jesus Christus nie;
- 2Pe 1:9 want hy by wie hierdie dinge nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet.
- 2Pe 1:10 Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie.
- 2Pe 1:11 Want so sal ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige koninkryk van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus.
- 2Pe 1:12 Daarom sal ek nie nalaat om julle altyd hieraan te herinner nie, alhoewel julle dit weet en vasstaan in die waarheid wat by julle is.